Die Olielamp

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

REDAKSIONEEL

"All things bright and beautiful, all creatures great and small, all. All things wise and wonderful, the Lord God made them all."

Sien ons dit alles wel raak ? Al die mooi dinge wat God ons gee, al Sy wys besluite wat ons lewe regeer ? Sien jy God se hand in selfs die kleinste dingetjies, soos 'n mooi blom, wanneer daar iets moois gebeur in jou lewe ? Of word net die groot wonderlike dinge aan God toegeskryf ?

Ons moet juis leer om ook God se hand te sien in die klein dinge. Jy moet nie iets groots nodig hê om te weet God is naby nie ! Hy is altyd daar, orals en altyd in jou lewe.

Alles op aarde is deur God geskape, alles om ons heen is deur Sy hand geformeer. Hoe kyk ons na hierdie skepping van God ? Besoedel ons dit, of hou ons ons omgewing skoon ?

Dit klink seker soos 'n les in goeie maniere en omgewingsbewaring ? Maar as ons na die aarde kyk as die skepping van God kan ons mos nie anders as om goed daarna te kyk nie ? Na *alles* wat aan die skepping behoort, die natuur, plante, diere, jou naaste en jouself !
Jy is 'n tempel van die Heilige Gees, jy moet ook na jouself kyk, nie jou liggaam en gees verwoes met slegte gewoontes, lektuur ens. nie.

Die aarde, God se skepping is ons erfenis. Wees trots op jou erfenis, die erfenis wat ons van ons Hemelse Vader ontvang het ! Pas dit op, kyk mooi daarna, gebruik jou talente in Sy diens ! Sodat jy eendag verantwoording voor Sy troon kan doen met blydskap in jou hart !!
Sterkte vir julle almal in alles wat voorlê om gedoen te word. Doen dit met deursettingsvermoë, toewyding en vertroue en weet dat alles volgens Sy plan sal verloop !

En byt vas….dis amper vakansie !!

Ons as Olielamp-redaksie wil net baie dankie sê vir ons uittredende lede !
Cornelia, Daniël en Frans baie dankie vir al julle harde werk ! Ons hoop julle geniet julle ruskans !
En natuurlik baie welkom aan ons nuwe lede Elizabeth, Linda en Thys ons hoop julle geniet julle tyd in ons redaksie !!

Namens die hele nuwe redaksie hier in Pretoria-Maranata
Groete en alles van die beste
Cora

Jaargang 7 nr 2, Maart 2003

INHOUD

Redaksioneel	1
Uit Die Woord	**2**
Handelinge 20:1-16	2
Psalm 29	3
Oppad	**4**
Ons Stryd en Oorwinning	4
Die Bybel, Die Psalms en die Hervormers (slot)	5
Voel Jy Ook So?	**6**
Gedoop – 'n Teken vir die lewe	6
Kloning…	7
Die Wetenskap– naturalistiese wêreldbeskouing of objektiewe waarheid?	8
"De jeugd van tegenwoordig…"	9
Deur Die Sleutelgat	**10**
Voetspore	**11**
Nog Iets	**13**
Ons rol as kinders van die Familie in Christus	13
Brokkies@epos.co.za	**15**
Gedigte	**16**
My kruis	16

UIT DIE WOORD

HANDELINGE 20:1-16

Annamarie Eefting

As gevolg van die oproer in Efese was Paulus nie meer veilig daar nie. Omdat alles eers tot bedaring gebring is, kon hy wel eers die gelowiges bemoedig en van hulle afskeid neem.

Sy reis gaan deur Masedonië na Griekeland. In Masedonië was reeds gevestigde gemeentes (Fillipi, Thessalonika en Berea). Paulus besoek hulle en ander gelowiges in die streek om te preek en te bemoedig. Hy vertoef drie maande in Griekeland, waarskynlik die groter deel hiervan in Korinte. Hier skryf hy die brief aan die gemeente in Rome; hy was van plan om hulle te besoek op pad na Spanje (Rom. 15:22-24).

Die Jode in Korinte het nie vergeet van hulle nederlaag voor Gallio nie (Hand. 18), en Paulus moet die gebied vinnig verlaat as hy uitvind van 'n komplot teen hom. Die plan om na Sirië af te vaar word op dié manier deur die wiele gery, aangesien baie Jode as pelgrims op die skepe na Jerusalem op pad sou wees. Paulus en sy reisgenote gaan daarom te voet terug deur Masedonië.

Die reisgeselskap bestaan uit mans van verskillende gemeentes in Masedonië, Galasië en Asië waar vir die armes in Jerusalem gekollekteer is. Hulle is waarskynlik afgevaardiges wat die kollektes na Jerusalem neem (1 Kor. 16:3,4). Die feit dat elkeen sy eie gemeente se bydrae gaan oorhandig, lei nie net tot eenheid onder die gelowiges nie, maar veroorsaak ook dat daar meer persoonlike betrokkenheid onder mekaar kan wees. Hierdie reisgenote gaan dan per skip vooruit na Troas, terwyl Paulus en Lukas in Fillipi agterbly om Paasfees te vier.

Op die eerste dag van die week, Sondag, *kom die gelowiges in Troas bymekaar om brood te breek (vers 7).* Hierdie was die liefdesmaaltyd waar almal kos gebring het, en ryk en arm saam geëet het. Dit is later deur die Christene saam met die nagmaal gehou. Hierdie teks, saam met 1 Korintiërs 16:2, wys ons op die Christelike gebruik om op Sondag, die dag van Jesus se opstanding, vir 'n erediens bymekaar te kom.

Omdat die geselskap die volgende dag sou vertrek, het die diens tot middernag aangehou. Die vertrek moes taamlik bedompig gewees het as gevolg van die groot aantal mense en die rook van die lampe. Dit was boonop laat die aand en Eutichus, wat in die venster gesit het, raak aan die slaap terwyl Paulus nog preek. Hy val na sy dood, maar die Here gebruik Paulus om hom weer op te wek, asof hy net geslaap het.

Hierna is die gemeente se honger vir die Woord van God nog steeds nie gestil nie, en Paulus gaan ná die nagmaalsviering aan met preek, tot die môre toe. Hierdie openbaring van God se majesteit en sy guns vir hulle was vir die gemeente 'n groot vertroosting.

Paulus was haastig om Pinkster in Jerusalem te kan vier. Daarom hervat hulle dadelik die volgende dag weer die reis na Jerusalem. Paulus te voet, waarskynlik om die aandag van hulle reisgeselskap af te lei. Die ander gaan vooruit per skip tot by Assus, waar hulle hom weer aan boord neem.

PSALM 29

Naomi Schuring

In ‘n baie warm gebied soos Gauteng is ons al gewoond aan donderstorms met baie blitse en harde donderslae. Ons hoor dan hoe mense praat dat die weer ingeslaan het op kragdrade, rekenaars en telefone. Maar so vinnig soos wat die storm verbytrek, so vergeet ‘n mens weer daarvan, behalwe as jou eie rekenaar in die slag gebly het.

Psalm 29 is bekend as die onweerspsalm, maar word ook die psalm van die sewe donderslae genoem. Dit is ‘n mooi naam, want die psalm praat sewe keer oor die stem van die HERE (Jahwe) en daarmee bedoel hy die donderslae.

In vers 1 lees ons: *"Gee aan die HERE, o hemelinge, gee aan die HERE eer en sterkte!"* Ons kan die vers verstaan as die HERE se spesifieke oproep aan alle hemelbewoners (engele) en /of maghebbers van hierdie aarde om sy heerlikheid en krag in die donderweer te erken. God wil graag deur kinders geprys word, maar maghebbers word ook opgeroep.

In vers 2 lees ons hoe Hy geprys wil word. *“Gee aan die HERE die eer van sy Naam; aanbid die HERE in heilige sieraad!”* Uit die geskiedenis van die Ou Testament lees ons van konings wat neerkniel voor God, maar in hierdie psalm word hulle saam met die hele volk opgeroep om dit te doen wanneer Hy sy majesteit toon in ‘n storm..

Die stem van die HERE word in vers 3 en 4 beskryf as donderslae. In hierdie donderstorm kom God na die mens en laat sy stem hoor. Sy donderende stem is met krag en heerlikheid gevul wat eggo oor die Middelandse See.

In vers 5 en 6 beweeg die storm in ‘n noordelike rigting na die Libanongebergte waar die sederbome groei. Daardie magtige bome met ‘n stamomtrek van 6 meter wat maklik 35 meter die hoogte inskiet en wat ‘n houtkapper vir ure laat sweet, kan Jahwe binne ‘n sekonde soos ‘n vuurhoutjie afbreek. Hy laat berge rondspring soos ‘n kalf en ‘n jong buffel. (Vgl: Ps. 114:4, 6; Deut. 3:9). In vers 7 klief die weerlig deur die lug en slaan vlamme uit die berge.

In vers 8 draai die storm na die ooste en beweeg oor die onheilspellende woestyn van Kades. Israel het gedurende hul woestynreis ‘n geruime tyd daar vertoef. Moses het nog gepraat van die groot en vreeslike woestyn (Deut. 1:19).

In vers 9 is die takbokke deur die skrik aangegryp en gee hulle voortydig geboorte en die bas van die bome oor die Oos-Jordaangebied word deur die weerlig afgestroop.

Na die sewende slag is dit stil.

Ons word nou verplaas na God se paleis. Wie in vers 1 glo dat die hemelinge die engele is, sal nou dink aan God se paleis in die hemel. Die res gaan na Jahweh se aardse tempel, wat ook paleis genoem word.

Sewe is die simboliese getal van die Horeb-verbond waarop Israel se feeskalender geborduur was. Hierdeur wou die digter al op ‘n mooi manier alle heidense angs vir onweer

REDAKSIES:

Pretoria:
Redaktrise: Tanya de Vente
Sekretaresse: Petra Ros
Lede: Wilma Lubbinge
Arjan van Houwelingen
Marius Bijker

Maranata:
Redaktrise: Cora Visser
Penningmeesteresse: Linda de Vente
Sekretaresse: Marie-Louise van den Bout
Lede: Johan de Vente
Thys van der Hout
Elizabeth Aartsma

Kaapstad:
Redaktrise - Carina van Alten
Artikelversorger - Corrien Geleynse
Artikelversorger - Sjirk Geerts
Teksversorging – Sandra Scheltens
Sekretaresse - Lieneke Eefting
Finansies - Albert Drijfhout

Administrasie & uitleg:
Willemien Kleijn – willy_k@freemail.absa.co.za
Arjan Bijker – bijker@freemail.absa.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee.
Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres: *http://www.vgk.org.za/olielamp/*

wegneem. Ere aan die God van Israel!

Vers 10 is so troosvol. God is verhewe en magtig. Hy bly in ewigheid.

In vers 11 wil God die Almagtige wat al hierdie kragte beheer, ook krag aan sy volk gee. Na die storm heers daar stilte en vrede. God eindig met'n belofte. Hy bring vrede, Hy is vrede. Die psalm begin met Ere aan God, en eindig met Vrede op aarde vir die mense van sy welbehae - sy volk.

ONS STRYD EN OORWINNING

Efesiërs 6: 10-20

Ons is in `n stryd gewikkel. Om as gelowige te sê: *"Ek is `n kind van God"* beteken dat ons in `n geestelike geveg is. Hierdie geveg kan gesien word as `n worstelstryd.
As ons die woord ontleed, dui dit op `n stoeigeveg in `n kryt. In dié geveg is daar twee partye, naamlik gelowiges en Satan. Hierdie geveg is geestelik, dus nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bose magte van die sondige

wêreld, teen die bose geeste in die lug. En dit is wat dit nog intenser maak. Hierdie vyand is niks anders as Satan en sy trawante (gevalle engele) nie. Noudat Satan uit die hemel gewerp is, bepaal hy hom juis op die Kerk van die Here. *"Wees daarom bedag op die stryd en trek die volle wapenrusting van God aan, want Satan loop rond soos `n brullende leeu en kyk wie hy kan verslind"* (1 Pet. 5:8,9).
Die geestelike stryd is immers reeds gewen op Golgota. Nog steeds is die opdrag duidelik: *"Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel"* (Ef. 6:11). Ons het reeds die oorwinning behaal. Ons is soldate vir Christus in die geestelike stryd, daarom moet die volle wapenrusting aangetrek word. Die wapenrusting bestaan uit verdedigings- en aanvalswapens.

Die verdedigingswapens is vyf in getal: die gordel van waarheid, die borsharnas van geregtigheid, skoene aan die voete (bereidheid om die Evangelie van vrede te verkondig), die skild van die geloof om brandpyle uit te blus en die helm van verlossing.
Een van die aanvalswapens is die swaard van die Gees. Dit is `n tweesnydende swaard wat raaksteek en oopvlek (Heb. 4:12). Die ander aanvalswapen is die gebed. *"Die gebed van `n regverdige het groot krag"* (Jak. 5:16).
Jesus Christus het nou alle mag in die hemel en op aarde. God, die Vader, het Jesus Christus verhoog tot aan sy regterhand. Hy regeer! Hy is "*bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige"* (Ef. 1:21).
Jesus Christus gee deur sy Heilige Gees vir ons as gelowiges krag om ons in staat te stel om te leef in die oorwinning (Fil. 4:13). Ons is dan deel van die triomftog, omdat ons een is met Christus (2 Kor. 2:14).

DIE BYBEL, DIE PSALMS EN DIE HERVORMERS (SLOT)

Berymings
Sowel die Duitse as die Franse psalmberymers het van bekende volkswysies gebruik gemaak. Daar is egter ook gepoog om oorspronklike wysies te komponeer. Een van die Franse komponiste was Claude Goudimel (1505-1572) wat eers leier van die pouslike orkes in Rome was voordat hy na Parys gegaan het waar hy by die Hugenote aangesluit het. In 1564 het sy eerste volledige toonsetting van die psalms verskyn. Goudimel was een van die slagoffers van die Bartholomeusnag-moorde.

'n Ander komponis was Louis Bourgeois van Parys. Calvyn het na sy terugkeer uit Straatsburg vir Bourgeois as voorsanger in Genève aangestel. Hy het ook opdrag gehad om die psalmwysies te hersien en het 'n hele aantal nuwe komposisies geskep. Sy pogings om die psalms vierstemmig in die erediens te laat sing, het egter nie Calvyn se goedkeuring weggedra nie en hy is toe
terug na Parys. Sy opvolger, Pierre, het ook 'n aantal nuwe wysies gekomponeer.

Lirieke
Anders as Luther, was Calvyn van mening dat die Bybelteks so getrou as moontlik in die lied herhaal moes word. Hy het dus slegs psalmberymings toegelaat met enkele gesange, meestal gegrond op Bybeltekste, soos die Onse Vader, die Geloofsbelydenis en die Lofsang van Simeon.

Nedeland
Aanvanklik het die Nederlanders slegs die Franse Geneefse Psalmboek in Nederlands vertaal eerder as om hul eie oorspronklike bundels saam te stel.

Hoewel daar vroeër ander Psalmbundels in Nederlands verskyn het (deur Jan Uitenhove (1555) en Lucas d'Heere (1565) - uit Frans vertaal), was die eerste werklik gewilde Nederlandse bundel die beryming deur Petrus Dathenus (1566). Die naam van die bundel was *"De Psalmen Davids en andere lofsangen uyt den francoyschen dicht in Nederlandsche overgezet "*. Hoewel hierdie bundel 'n haastig afgewerkte direkte vertaling van die Franse Psalms van Marot en Beza was, het dit baie gou die amptelike sangbundel van die Nederlandse kerk geword. Eers na tweehonderd jaar, in 1773, is 'n nuwe beryming van die Psalms in Nederlands amptelik aanvaar.

Dit was eers in 1805 dat die Nederlanders ook evangeliese gesange, meestal van Duitse oorsprong, in gebruik geneem het. Sommige lidmate was nie hiervoor te vinde nie en daar daar het dus 'n kerkskeuring plaasgevind.

Aan die kaap
Toe Jan van Riebeeck in 1652 na die Kaap gekom het, was dit die Datheense Psalmbundel wat saamgekom het. Ses en dertig jaar later het die Hugenote ook hierdie bundel saam met hul Franse Psalmbundel gebruik.

Die eerste groep Hugenote wat na die Kaap gekom het, het twee Franse Bybels en 15 Nederlandse Psalmbundels saamgebring wat deur die kaptein van die Voorschoten namens hulle aan Goewerneur Simon van der Stel oorhandig is.

Die Hugenote het hul eie gemeente aan die Kaap gestig en het 'n Franse predikant in die persoon van ds. Pierre Simond gehad. Die dienste, sowel as die inskrywings in die kerkregisters, was aanvanklik alles in Frans.

Tydens sy dienstyd aan die Kaap het ds. Simond 'n metriese weergawe van die Franse psalms saamgestel. Dit is in 1704 in Amsterdam gepubliseer onder die titel *"Les Veilles africaines ou les Pseaumes de David mis en vers francais"* (die Afrikaanse nagwake of die psalms van Dawid in Franse beryming). Dit het egter geen steun gekry nie. Van hierdie eerste gepubliseerde literêre en teologiese werk in Suid-Afrika kon tot onlangs geen kopie gevind word nie. In 1997 is daar egter een kopie in die Nasionale Biblioteek in Rusland opgespoor.

Die feit dat die Franse en Nederlandse kerke aan die Kaap albei van Calviniste oorsprong was en dat hulle dieselfde psalmboeke gebruik het, het moontlik bygedra tot die spoedige verhollandsing van die Hugenote.

(Met toestemming geneem uit Die Bybel , Die Psalms en die Hervormers, deur Alet Malan. Hugenote Gedenkmuseum, Franschhoek, 1995.)

Voel jy ook so?

GEDOOP – 'N TEKEN VIR DIE LEWE

Johan de Vente

Jy dra die Naam van God. Ja, jy. As jy gedoop is. By jou doop het jou ouers jou in die kerk na die doopvont toe gedra. Daar het die dominee water op jou voorkop laat val. Daar het hy ook jou naam uitgespreek en gesê: *"Ek doop jou in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees".* Daar het die HERE 'n verbond met jou gesluit.

God het sy Naam aan jou lewe verbind. Hy wil vir jou 'n vader wees vir die res van jou lewe. Jy kan op Hom reken. As jy bly is, maar ook as jy hartseer of ongelukkig is. Die doop gee jou daarom rede tot blydskap en troos. Die doop verplig jou daarom ook tot geloof en gehoorsaamheid. Wat die HERE jou beloof het, moet jy op vertrou en gelowig aanneem en dit wat Hy van jou vra, moet jy gehoorsaam. Jy moet die HERE erken, dien en liefhê as Hemelse Vader en jou soos sy kind gedra. Die mense moet aan jou kan sien dat jy gedoop is. Dit beteken dat jy moet leef as mens wat deur Hom van sonde gereinig is.

Christus het ook sy Naam aan jou lewe verbind. Hy het vir jou sonde gesterf. As teken van die verbond wil Hy jou uit sy Woord iets daarvan leer. Hy leer jou dat, net soos deur water die onreinheid van jou liggaam afgewas word, so word deur die bloed en die Gees van Christus die onreinheid van jou sonde weggeneem en afgewas. Christus het met sy bloed die afwassing van sonde verdien. Op grond daarvan spreek God jou vry van skuld en straf. Jou doop in die Naam van Jesus beteken dat jy om vergewing van jou sonde mag vra, dit wat jy verkeerd gedink, gedoen of gesê het. Jy ontvang dan vergewing as jy na Hom gaan en berou het oor die sonde. Ook al leef jy in diep sonde en lyk die lewe vir jou uitsigloos, is daar net een uitweg. Jy is mos gedoop in die Naam van Jesus Christus. Hy is die uitweg. By Hom vind jy uitkoms. Hy neem jou sonde en werp dit ver weg. Maar Christus het nie net sy bloed vir jou gestort nie, maar ook die lewendmakende Gees vir jou verwerf.

Die Heilige Gees het ook sy Naam aan jou lewe verbind. Weet jy wat die Heilige Gees vir jou wil doen? Hy sorg dat die verlossing van Christus jou verlossing word. Dit kan met een woord opgesom word: toe-eien. Die woord "eien" kom hierin voor. Dit beteken dat Jesus die vergewing van sonde verdien het. Maar nou moet die vergewing jou eiendom word. Dit doen die Heilige Gees. Maar hoe doen Hy dit? Hy doen dit deur die Bybel. Deur die kerkdienste. As jy gelowig Bybel lees of na die preek luister. Dan maak die Heilige Gees die verlossing van Christus jou eiendom. Christus se Gees reinig jou ook van jou sonde en sondesmet. Sy Gees vernuwe jou hart en jou lewe. Dit maak jou 'n ander mens. 'n Mens wat verlos is van die sonde en wat jou laat opstaan tot 'n nuwe lewe. Dan mag jy as gedoopte mens leef wat die HERE as Vader, die SEUN as Verlosser en die GEES as Vernuwer elke dag broodnodig het in jou lewe! Sien jy hoe bevoorreg is jy om gedoop te wees?

KLONING...

Petra Ros

Na die val van die toring van Babel het God gesê: "Hierna sal niks wat hulle beplan vir hulle onmoontlik wees nie" (Gen. 11:6). Die afgelope dekade is gekenmerk deur die mens wat sy eie mag en vermoëns sterker as God wil bewys. Een van die ontwikkelings is die kloning van diere en nou ook onlangs mense. Wat presies is kloning en hoe staan jy as Christen teenoor kloning?

Wat is kloning?

Kloning is die proses waar 'n geneties identiese organisme geskep word deur middel van nie-seksuele metodes. Die proses word al jare lank gebruik om plante te produseer – selfs om 'n plant te groei van 'n steggie is 'n tipe kloning. Dierkloning is al jare lank die onderwerp van



wetenskaplike eksperimente, maar het baie min aandag ontvang tot die 'geboorte' van die eerste gekloonde soogdier in 1997, 'n skaap genaamd Dolly. Sedert Dolly se ontstaan het verskeie wetenskaplikes ook ander diere gekloon insluitend koeie, bokke en muise. Die onlangse sukses in die kloning van diere het groot reaksie ontlok onder wetenskaplikes, politieke leiers en die publiek rakende die gebruik en moraliteit van kloning van plante, diere en dalk ook mense. Sommige lande het wette wat kloning verbied, maar in 'n klomp lande is dit steeds wettig. Dit sal tienduisende tot honderdduisende rande kos om 'n mens te kloon, maar daar is altyd mense wat bereid is om soveel geld te spandeer om deel van geskiedenis te wees. Die navorsing wat benodig word om 'n mens te kloon, sal die dood van mense veroorsaak. Sulke sterfgevalle maak die koste onaanvaarbaar hoog. Daar was 277 mislukte pogings, insluitend die dood van verskeie gebrekkige klone in die proses om skape te kloon. Mens-embrios en babatjies sal ook so verlore gaan as enige poging aangewend gaan word om mense te probeer kloon.

Hoekom kloon?

Die doelwit van dié soort navorsing is om doeltreffende maniere te ontwikkel om diere geneties te wysig en betroubaar te reproduseer. Veranderings sluit in die byvoeging van gene (soos dié vir menslike proteïene) om diere te produseer wat medisyne genereer, asook die deaktivering van gene om die uitwerking van menslike kwale te bestudeer. Kloontegnologie kan ook eendag gebruik word in mense om organe te produseer uit enkele selle of om geneties veranderde organe van diere in mense te kan oorplant. Die tegniek wat gebruik is om Dolly te kloon, is 'n verlenging van 40 jaar se navorsing waar DNA van nie-menslike embrionêre en fetale selle gebruik is. Voor die ontstaan van Dolly het wetenskaplikes geglo dat wanneer 'n sel 'n gespesialiseerde hart, lewer, been of enige ander tipe sel word, die verandering permanent is en dat enige ander onnodige gene in die sel onaktief word. Dolly se skeppers het gedemonstreer dat die kern van 'n volwasse dier se gespesialiseerde selle terugverander kan word na 'n ongespesialiseerde sel (in sy

embrionale toestand) en dus word sy vermoë om weer te spesialiseer, vernuwe. Wetenskaplikes is nog onseker of die genetiese verandering in die selle kan lei tot ongunstige toestande in die gesondheid van die gekloonde diere.

Ons as Christene & kloning

Ons moet onsself die volgende vra: Is die produksie van menslike klone die moeite werd? Dit is nie iets om mee te speel of om te probeer nie! In kloning word 'n lewende ding geneties gekopieër vir 'n sekere doel – om meer koring te produseer of 'n koei wat hoë gehalte melk verskaf. Maar mense is volgens die beeld van God geskape en het 'n waardigheid van God gekry wat ons verhoed om ander mense net te sien as 'n manier om ons begeertes te verwesenlik. Daarom mag ons glad nie klone produseer nie – nie eers klone met 'n lae intelligensie of 'n lae ambisie om ondergeskikte arbeid te verrig nie en ook nie 'n kind wat gesterf het net om die ouers se pyn en verdriet weg te neem nie. Alle mense is spesiale skepsele van God wat gerespekteer moet word en ons mag nie hulle waardigheid wegneem deur hulle belange ondergeskik te stel teenoor dié van ander nie. Dis maklik om te vergeet dat mense meer is as net fisiese organismes – die mensdom word opgewonde oor die gedagte aan duplikate van helde soos Moeder Theresa en Michael Jordan. Kloning sluit ook die mag van sekere mense bo ander mense in, en nie net die mag van die mens bo die natuur nie. En dan ontstaan die groot vraag: Wie besluit wie/wat gekloon word en vir watter doeleindes? Soos kernwapens, kan die mag van kloning in die verkeerde hande val en die gevolge kan verwoestend wees.

God is die Skepper van hemel en aarde en alles wat daarin is. Hy het ons as intelligente lewende organismes met 'n siel geskape – Hy besit alle mag en ons het nie die reg om Hom te probeer na-aap of self God te probeer speel nie. Ons moet alles in sy hande oorlaat en net op Hom vertrou, want Hy het als goed gemaak.

DIE WETENSKAP– NATURALISTIESE WÊRELDBESKOUING OF OBJEKTIEWE WAARHEID?

Lesing deur dr. John Byl

Op Saterdagaand 16 Februarie het dr. John Byl, wiskunde-professor by Trinity Western University in Kanada, 'n kleurvolle skyfievertoning en lesing vir die Studentevereniging by die Pretoria kerkgebou aangebied. Dr. John Byl is 'n kenner oor die verhouding tussen geloof en wetenskap en is die skrywer van die boek *"God and Cosmos: A Christian View of Time, Space, and the Universe".* Die titel van Saterdagaand se praatjie was *"Worldviews in Conflict: Naturalism and Theism"*. Hier volg enkele gedagtelyne.

Naturalisme: mitologiese wetenskap

Baie van wat vandag as "Die Wetenskap" paradeer, is niks anders as 'n mite nie. Dit is 'n mite, omdat 'n wêreldbeskouing, die Naturalisme, homself voorhou as feitelike, objektiewe, rasionele wetenskap.

'n Wêreldbeskouing is die bril waardeur die mens na alles kyk. Dit is nooit die resultaat van wetenskaplike ondersoek nie. (Jy kyk deur die bril voor jy na die proefbuis kyk.) 'n Wêreldbeskouing is wel die resultaat van 'n harts- en geloofskeuse, 'n keuse vir of teen God. 'n Wêreldbeskouing is 'n netwerk van voorveronderstellings, voorafantwoorde op fundamentele vrae soos:

Wat kan ons weet, en hoe? (epistemologie)
Wie is God? (geloof/religie)
Wat bestaan? (metafisika)
Waarom bestaan die wêreld? (doel)
Wat is die mens? (antropologie)
Hoe behoort ons op te tree? (etiek)
Waarvoor kan ons hoop? (eskatologie)

Die Naturalisme is ook 'n wêreldbeskouing wat sekere voorveronderstellings aanvaar nog voordat enige wetenskaplike ondersoek gedoen word. Enkele daarvan is die volgende:

Wat kan ons weet? - Daar is geen Goddelike openbaring van kennis aan die mens gegee nie. Die menslike verstand is die finale skeidsregter oor wat waar is. Alle kennis kom deur ervaring en waarneming.

Wie is God? - God is nie die beginpunt van alle denke nie. Vir die vraag na God se bestaan moet ons by die selfgenoegsame mens en by materie begin, en die bewyse vir God in die materiële kosmos of heelal soek.

Wat bestaan? - Ons beginpunt is by die mens en by materie en die materiële heelal. Oorsaak en gevolg moet slegs binne die materiële heelal ondersoek word.
Waarom bestaan die wêreld? - Ons weet van geen hoë doel wat van buite aan die wêreld of die heelal opgelê is nie.
Wat is die mens? - Die mens is deel van die materiële heelal en moet vanuit die materiële werklikheid verklaar word. Die oorsprong van die mens (toeval), die vraag of die mens 'n siel het en of daar 'n bestaan na die dood is, is ondersoeke wat volgens die metode van die empiriese wetenskap moet geskied.
Hoe behoort ons op te tree? - As slegs materie die vertrekpunt vir alle verklaring is, kan daar nie etiek wees in die sin van reg en verkeerd nie. Daar is geen universele norme nie.

Naturalisme: skelm wêreldbeskouing
Wanneer die vertrekpunte van die Naturalisme gehandhaaf word, raak wetenskap egter onmoontlik! Om verklarings te bied vir die orde van die heelal, betekenis in die lewe en vir die verstaanbaarheid van die wêreld, word antwoorde van die Christelike wêreldbeskouing daarom so stil-stil "gesteel" om Naturalisme bo water te hou.

In die woorde van die fisikus Paul Davies:

"For 300 years, science has based itself on materialism, leading inevitably to atheism and a belief in the meaninglessness of physical existence."

"Even the most atheistic scientist accepts as an act of faith that the universe is not absurd, that there is a rational basis to physical existence manifested by a lawlike order in nature that is at least in part comprehensible to us."

"So science can proceed only if the scientist adopts an essentially theological worldview."

Die naturalistiese wetenskaplike kan sy beskouing net verdedig deur veronderstellings soos betroubare denke, objektiewe waarheid, sin en betekenis, persoonlikheid van die mens, doel en reg en verkeerd (wat nie by die Naturalisme tuishoort nie) uit die Bybelse wêreldbeskouing te gaan "steel".

Soos 'n klein seuntjie in die bus wat op sy pa se skoot moet staan om hom in die gesig te kan klap, moet die Naturalis sekere waarhede wat in die Skrif aan ons openbaar is en wat die mens nie self uit die heelal kan aflei nie, veronderstel ... in sy poging om die Skrif as onwetenskaplik af te maak!

Bybelse wêreldbeskouing noodsaaklik vir wetenskap
Wetenskap is kennis van die waarheid. Die metodes en raamwerk waarbinne wetenskap beoefen word, word bepaal deur die wêreldbeskouing van die wetenskaplikes. Maar indien die voorveronderstellings van sekere wêreldbeskouings getrou uitgeleef word, raak kennis van die waarheid onmoontlik. Dit is ook die geval met die Naturalisme.

Die Skrif verklaar vir ons die variasie, veelheid en verskeidenheid van die heelal asook die orde en eenheid daarvan, omdat God alles gemaak het. Kennis is vir die mens moontlik, omdat die mens as God se beelddraer gemaak is. Die mens kan iets weet, omdat God alles weet. Daar is reg en verkeerd, betekenis en doel en roeping en rigting op aarde, omdat dit deur God so gestel is.

'n Bybelse wêreldbeskouing is allesbehalwe onwetenskaplik... Dit is uiteindelik die enigste wêreldbeskouing wat kennis van die waarheid moontlik maak.

"DE JEUGD VAN TEGENWOORDIG..."

Corrien Geleijnse

Die geluid van hare wat kiertsregop rys, is onnodig, eerlik. Die artikel volg verder in Afrikaans, maar ek is seker niemand van ons het hierdie paar woorde sonder 'n grinnik gelees nie. Is dit nie tog maar almal van ons se ouers se versugting so elke nou en dan as ons dit volgens hulle weereens "te bont" maak nie? Dalk ook nie, want tot baie onlangs het ek myself nie juis ernstig as oud beskou nie, en tog vind ek dat ek ook soms presies dink soos die mense wat ek vroeër beskuldig het.

Ek het iewers in 'n artikel gelees dat om 'n lewe volgens die wil van God te lewe, iets soos nommer 14 of 16 op die Amerikaanse top 20 prioriteite in die lewe is. Heel eerste was goed soos om menseverhoudinge te maak werk, of om genoeg geld te verdien om eendag in gemak te lewe. (Soek soos ek wou, die artikel kon ek nie weer vind nie.)

Skokkend! Want glo dit of julle wil of nie, ek het myself in hierdie arrogante Amerikaanse menings herken! Sê nou eerlik, wie van julle het voorheen al ooit Christelik gedink as iemand na die strewe in jou lewe vra? Het iemand dit al ooit oorweeg om op daardie vraag te antwoord dat jy die heel graagste in die lewe wil probeer om jou tyd hier op aarde volgens die wil van God deur te bring? Ek, vir een, sou sonder om te huiwer, uitblaker dat om binne die volgende 5 jaar 'n dubbel goud wyn te maak my nommer een droom in die lewe is. Hoe ongelooflik arrogant is ons tog nie in ons denke nie!

Want hoe het ek byvoorbeeld gedink om wyn te maak as dit nie was vir ons Hemelse Vader wat my die talente, gesondheid, krag en verstand gegee het nie? Sonder God sou nie ek nie, nie jy nie, nie een van ons nietige skepsels in staat wees om asem te haal nie – laat staan tog maar wynmaak! Dit laat my wonder waar God op ons lysie van prioriteite staan. Eerste, veertiende of sestiende?

En juis die mense met wie ek redelik gereeld praat en wie se sienings ek soort van ken – oud en jonk; my vriende, ek self – dryf my dikwels daartoe om kopskuddend te dink: "Waarheen is die wêreld tog op pad?" Want soos mense deesdae om én verby God lewe, is baie ontstellend. Besef mense vandag nie meer dat daar meer aan die lewe is as net die aardse nie? Hoe kan hulle snags gerus aan die slaap raak as hulle nie seker is oor wat ná die aardse met hulle sal gebeur nie? Hoe kan hulle – óns! – die bestaan van die Almagtige so maklik en goedsmoeds mískyk?

Ek dink almal van ons kan ons lewe weer so 'n bietjie in oënskou neem en voorraadopname doen. Soos ek, sal julle dalk verbaas wees om te sien hoe ver jy van die paadjie af kan wegdwaal sonder om dit eers te besef! Dit laat my net weereens besef dat ons stryd teen die sonde en die satan 'n onophoudelike een moet wees, want verleiding skuil in die alledaagse. Dit is lankal nie meer in wat ons dóén waar ons sondig nie – dit is inderdaad dit wat ons nié doen nie!
Daarom dat ek elke aand nederig op my knieë gaan voor my Hemelse Vader en vra dat Hy my die krag, moed en uithouvermoë sal gee om teen die sonde te bly stry, sonder ophou. Mag Hy almal van ons se gebede om krag en moed beantwoord, en laat ons altyd ons oë oophou om mekaar met liefde reg te help sou ons sien dat iemand verkeerd gaan! Mag ons nooit blind raak vir die sonde nie!

Deur die sleutelgat

Op die wysie van: *"Toen onze Mop een Mopje was"*
(Rymskema: paarrym – aa bb)

Marthie! Elise! Anja! Adrian! Henriëtte! Clarisse! Wat maak julle hier?
O ja, dis reg, julle is eerstejaars. Welkom, veel plesier!

6 uur tot half 12 was die vertraagde aankomstyd by die kerk wat sou deug,
by dié braai wis hul dié jeug is hul jeug.
Clifton was ons keuse om te sien hoe die daglig verbrokkel,
Maarten was daar om met sy hand soos 'n warm kaggel eg die kitaarsnare te tokkel.

(chorus)
…en van dit…en van die maatjies
…en van van…en toe van…en van liedjies



Geert, wat weereens hier was, leek heel mooi sonder die rooi wat sy gesig het opgetooi
op die kongres, maar camouflage is eintlik bruin en groen…
ons sal die fout maar met jou herkoms moet versoen.
Met 'n stapel foto's in die hand, sy broer Willem-Jan aan die ander kant,
en 'n Volla met crank shaft wat skrik vir niks,
moes hy eers die sleutelprobleem opfiks.

(chorus)
…en van dit…en van die kreef
…en van van…en toe van…en van jou neef.

Fransie het ons jeug stil-stil verlaat,
Vir die groener ge-ijste andijvielande, maat.
Al ons manne gaan/is nou weg glo,
Of hoe, Betteko?
Hans het gekom en gegaan, was vir 'n rukkie hier,
Maar ag wat, dit is die ritme van die natuur.

(chorus)
…en van dit…en van die kaas
…en van van…en toe van…en van laas

Met die Maties se karnaval het twee CATS hul ietwat misgis
En na Vensters kom kyk, heel beslis.
Alfred het sy hare afgekap en in die drom gegooi,
Net na hy die dag by 'Edmin' vir sy foto het opgetooi.
Niemand kan hom nou meer vir Carien Aansien.

(chorus)
…en van dit…en van die wapper
…en van van…en toe van…en van my haarkapper.

Amper moet ons sê totsiens en vaarwel,
Maar net nog gou ietsie wat ons moet vertel,
Antoinette en Anita gaan Pretoria toe vlieg,
Maar vir wie, wil hulle nie bieg.
Antoinette gaan blykbaar vir "Mirjam de Vries"
En Anita?…moet sy nog kies?

(chorus)
…en van dit…en van ba-baai
…en van van…en toe van…en van sien julle in die volgende blaai.

Voetspore

Ja, ja, ja, soos mens so menigmaal op hierdie bladsy van die Olielamp lees: die tyd gaan vinnig. Voor ons jeuglede weet waar is ons, is ons dalk al gevestigde inwoners van Ebenhaeser of Huis Herfsblaar, so vinnig gaan die tyd. Almal is al in die ritme van universiteit, technikon of skool toe gaan. Groot fris bere, soos Ronald (alias Giant), is nou al in matriek

en klein *laaities* soos Iwan (alias Vusi) en Iwan se kuite is deel van die jeug. Sjoe…

Die begin van die jaar (al is dit nou al in sy post-beginstadium) is altyd Mini World Cup-tyd. Dis nou sokker. Die mans van die befaamde klub FC Hollandia het hierdie jaar nie deelgeneem nie, maar die vroue gelukkig wel. Dit spyt my om te sê dat as hierdie artikel die lewenslig sien, die World Cup al verby is, maar anders sou ek u hartlik uitnooi na elke eerskomende wedstryd. "Nederland", onder leiding van Oom Theo Bosker en Skoolhoof van der Linden, het die reeks begin teen Portugal. Nare herinneringe aan laas jaar is weer herleef, want die Portugese het 4-0 gewen. Dit sou 'n wanprestasie gewees het as mens nie in ag sou neem nie hoe die Portugese Grizzly-girls teenoor ons fyn meisies lyk. Dit moes dalk afskrikwekkend vir die meisies gewees het om een of ander Maria dos Santos op jou afgestorm te sien kom, maar die enigste wat nie eers haar oë hieroor geknip het nie, was Laurike. Sy het sommer koelbloedig hulle Figolinas en Costinhas inmekaargetackle. Die volgende wedstryd was teen Suid-Afrika. Daar het die Nederlands Elftal Grietjes uitstekend gespeel en as dit nie was vir Monique se tekort aan Powerade nie (of steroids, vra Shane Warne, Monique!), het *ons* hulle uit die wedstryd gespeel. Maar soos sokker nou maar werk, is daar nooit geregtigheid nie en was die telling 1-0 in die guns van Banyana Banyana. Maar na al hierdie deprimerende nuus, hoor nou die volgende: Nederland het die *semifinal* bereik! Dit sou natuurlik nie so 'n prestasie gewees het as daar nie net 4 spanne in die hele World Cup was nie. Maar nogtans geluk!!

En noudat ons tog op die onderwerp van World Cups is, ja, die ICC Cricket World Cup 2003 is op hierdie oomblik dat ek skryf, nog steeds volop aan die gang. Tanya moes al inspirasie kry vir haar artikels wat sy daaroor moes skryf en sy is kranig bygestaan deur ons geliefde nuwe jeuglid, Boudjies (alias Eric). Hy het sprekende en verrassende koerantopskrifte soos "Klusener kraai koning" uitgedink en alhoewel dit op hierdie oomblik nog nie so 'n gekoningkraai in die SA-span was nie, hoop ek dat dit so sal uitkom en ook Boudjies sy loopbaan as kommentator en joernalis nie sal misloop nie.

Valentynsdag het sy dosis goeie pret - of 'n traan vir sommiges - saamgebring. Vyf dames in Pretoria is elkeen die oggend verbly met 'n mooi roos en 'n kaartjie van hulle geheime bewonderaar. Todat Marjan met Magriet gesels en Elizabeth met Cora en Willemien. Skielik kom die vyf gelukkige meisies agter hulle het almal presies dieselfde roos ontvang en presies dieselfde kaartjie. Voetspoor wonder nou saam met die vyf wie die sogenaamde geheime bewonderaar kan wees…

Ondanks die feit dat Floris die dag voor Valentynsdag 'n "Hooglieddag" by die universiteit mog vier, het hy en sy broeder, Erik (en hulle gaste Chris en Tineke Baas), 'n kuier op Valentynsdag gereël. By hulle huis, want Oom Dominee en sy vrou was nie tuis nie (dit is natuurlik heeltemal nie van toepassing nie, dog slegs toevallig). Die aand het ontaard in 'n Hoekie-vir-Eensames-aand, want almal wat daar was, was alleenstaande. Behalwe natuurlik Chris en Tineke wat al getroud is en dan Don Arnold en sy meisie, Lizelle. Die res



was óf alleenstaande óf sy/hulle meisie(s) was op 'n kamp, soos Lientjie, wat sommer vir Willem Drijfhout 'n koue Valentynsdag besorg het. Sies, Lientjie! Die persoon wat sy alleenheid die meeste betreur het, was natuurlik die breker Erik Visser. Hy het egter wel soos 'n lentebloeisel gelyk: groen van jaloesie oor Arnold en Lizelle…

Ek weet nie of dit vir julle ook so 'n aangename verrassing was nie om die ou legende, Voël (soms blykbaar om een of ander rede ook Martyn genoem), weer in die sonnige Suide te sien. Skynbaar was nie almal so aangenaam verras nie, want hy was nog nie eers 'n maand hier nie, of Cornelia en Renier & Elske het die pad na Australië aangedurf (*yeah mate*). Iemand anders wat ook tydelik gaan

vertrek is Annette. Sy gaan met haar ouers Singapoer toe vir 8 maande. Sy moet maar vir *Singaporian Tips* gaan vra by die tweede oudste jeuglid (na Antoine; laat ons hom maar jeug noem, al begin die pensioen naderkruip): Johannes de Vries. Hy het destyds as 'n gelapte *ouwe zwerver* soontoe vertrek en met allerhande *hi-tech* kameras en so teruggekom. Dalk verbaas Annette ons en bring vir ons almal 'n ietsie saam… Ahum, dit was 'n skimp Annette!

Na al hierdie afskeidswoorde en trane, is dit ook tyd om van hierdie artikel afskeid te neem. Soos u kon verneem, gaan die lewe hier in Gauteng nie in 'n toptempo voort wat *socials* betref nie. Maar 5 van ons geliefste jeuglede: Marius, Pieter, Hans, Mietie en Petra het besluit om iets daaraan te doen. Hulle het net besluit om die naweek Kaap toe te gaan! Te oordeel aan die sterre in hul oë en die nuwe energie waarmee terug gewaai het moes dit 'n "skitterende" naweek gewees het…

Maar wag net! O ja, wag net! Met Marius terug in die Transvaal en jeug wat smag na kuier gaan dinge binnekort begin gebeur… Weet nie vir wanneer nie, maar dit sien ons dan in 'n volgende uitgawe.

Word vervolg.
Voetspoor

ONS ROL AS KINDERS VAN DIE FAMILIE IN CHRISTUS

n.a.v. Raaiselkind – Annelie Botes

Wilma Lubbinge

Die boek het homself geadverteer. Of miskien was dit sy berugtheid wat my dit laat koop het. En ek was nie teleurgesteld nie. Dit is enig in sy soort. Ek het pas dié boek klaar gelees en daar was 'n paar temas wat my aangegryp en laat dink het.

Agtergrond

Sy naam was Alexander. Haar raaiselkind. Die een wat haar lewe soos handomkeer verander het. Sy geboorte het haar menswees verander, haar verhouding met haar twee dogters laat verbrokkel, haar huwelik vermorsel en haar man by 'n brug laat afspring.

Tog was hy haar kind en sy het hom liefgehad. Daarom het sy duisende kilometers met hom agter dokters aangery, net om elke keer 'n vae antwoord te kry. Want in die moderne ruimte-eeu kon niemand haar 'n bevredigende antwoord gee oor wat haar seun makeer nie. Sy aanhoudende geskreeu as baba, vrees vir enige fisieke kontak en ander wangedrag was maar 'n paar van die probleme wat sy moes hanteer. Elke dag.

Hy tol die deksel van die kastrol om en om. Gryp dan die beiteltjie om die pleister van die muur te kap. Of hardloop na die toilet om die handvatsel keer op keer te trek en met verrukking op sy gesig te luister na die klank van die water wat die bak vol loop – musiek in sy ore. Dan spring hy op om die ligskakelaar aan en af, aan en af te skakel totdat dit voel of iets in haar kop wil ontplof…
Hy lag blikkerig, gryp 'n klip en begin die plastiektrekkertjie flenters kap.
Maar Sondae ry hy op Lucy, die perd, totdat hy skuins op haar rug aan die slaap raak. Of soms sal hy in Miriam se arms onder die boom na die patroontjies van lig en blare kyk en rustig raak.



Alexander is outisties

Is dit 'n nuwe woord vir jou? Wel, jy is nie die enigste nie. Dis 'n seldsame siekte wat hoofsaaklik by seuntjies voorkom. In baie eenvoudige terme kan outisme beskryf word as 'n wankommunikasie in

die brein. Soos een van Ingrid se naslaanboeke dit verduidelik:

There are no medical tests for autism. ... problems in the way they see the world around them. People with autism perceive the world like an FM radio station that is not exactly on the station. Inconsistency is a hallmark for autism.
Disturbances in the development of the social and physical skills.
Abnormal responses to sensation such as sight, hearing, touch, balance, reaction to pain. Abnormal development of speech, language and non-verbal communication.
Abnormal ways of reacting to people, objects and events in the environment.
Die boek speel af in die 48 uur van aanhouding en ondervraging. Alexander is dood en die polisie dink dat sy hom vermoor het. Maar sy weet hy het verdrink toe sy geslaap het. Al kan sy nie verduidelik hoe hy in die vol bad beland het nie – hy wat doodbang was vir water.
Die ondersteuningsraamwerk van die kerk
Die eerste tema is die rol van die kerk en die gemeenskap van die heiliges in die kerk. Reg deur die verhaal speel die kerkgemeenskap 'n belangrike rol. Daar word vertel hoe die hoofkarakters deel was van die kerkgemeenskap. Hulle rol en verantwoordelikheid. Die baie vriende wat hulle gehad het. En hoe gelukkig hulle was. Maar na Alexander se geboorte het alles verander. Sy vreemde gedrag het die mense afgestoot en niemand was bereid om te deel in sy abnormaliteit nie. Die vreemde was vir hulle skrikwekkend en almal het hulle onttrek. Die gesin was gestrand op 'n eensame eiland sonder 'n uitkomkans. Ingrid, Alexander se ma, se bitterheid is amper tasbaar. Want haar vriendinne het een vir een verdwyn om met hulle lewe aan te gaan. Niemand in die gemeente het aangebied om te help nie. Hulle ondersteuningsraamwerk het hulle versaak.

Die skryfster beskryf die gemeente van die dorp so skerp soos net 'n pen kan. Sonder om te skroom, pak sy al die geraamtes uit die kas.
Ingrid ry duisende kilometers agter dokters aan en probeer duisende rande se medisyne om die onbekendheid van Alexander se siekte te probeer verstaan. En dit is ook nie lank nie of die gesin verkeer in finansiële probleme. Maar die kerk kan hulle nie help nie, want die dominee se salaris moet verhoog word en die kerk het nuwe verf nodig. Almal moet geld bydra om die kerk se skatkis toe te hou.

Ons sien 'n kerk wat rigting verloor het. 'n Dominee wat sy gesag misbruik. Diakens wat geld wanbestee en 'n gemeente wat nie weet wat dit beteken om om te gee en mensself te gee nie.

Terwyl ek die boek lees, draai Paulus se woorde in my kop:

Romeine 12: 9-21 Laat die liefde ongeveins wees, verafsku wat sleg is; hang die goeie aan; wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde….. ensovoorts

Galasiërs 5: 22 en 25 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.
As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel.

Sondae vat Ingrid Alexander om te gaan perdry op Gunter se plaas. Daar kan sy haar vrae hardop stel:
Wat is die kerk? Wat beteken dit om Christen te wees?

Gunter se antwoord: *"Moenie my vra om die Christendom vir jou uit te lê nie, want ek kan nie. Dis buite my begripsvermoë."*

Die blanke samelewing is onverdraagsaam teenoor abnormaliteit.
Miriam is die gesin se huisbediende en het 'n totaal ander uitsig op die hele abnormaliteit van Alexander. Daar is 'n besonderse band tussen die twee, oor sy hom maar net vat soos hy is, sonder om afgestoot te word deur sy andersheid. Miriam is dan ook die enigste persoon se naam wat hy op sy manier kan sê – Mimmi.

P. 179: "Miss Ingrid sien, die Here maak party mense anders", het Miriam lank terug gesê. "Die evangelis sê ook so. Net die ander aand teen skemerte loop ek oor na die ou antie oorkant die straat van my af om 'n lepel kerrie te leen. Toe vra sy vir my hoekom soek ek nie vir my 'n ander huis om by te werk nie. Toe sê ek vir haar die Here het my by miss Ingrid se huis neergesit omdat Hy gesien het Boeta'tjie kort 'n engel. Toe sê sy as ek 'n tjint se engel

is, dan hoef ek nie die lepel kerrie t'rug te gee nie."

… " Dis mos nie vir onse mense 'n arigheid om met sulke tjinners te werk nie. Miss Ingrid moet onthou dat al die jare was daar nie plekke waar ons onse bruin tjinners kon stuur as hulle koppe nie lekker vat nie. Laat staan nog van skoolgaan. Almal van ons in die straat is gewend saamstaan om 'n tjint met 'n dofte te help grootbring. Saans slaap hy onder sy ma se dak, maar bedags is hy almal in die straat en in die lokasie se oppasworry."

"Wit mense kan saam lekkerkry," het Jeremia gesê, "maar as die swaarte kom, kan hulle nie saam swaarkry nie. Dan trek hulle stink op mekaar."

En nou?
Staan stil! Kyk na jouself! Kyk HARD! Wie is jy? Hoe reageer jy? Wat is vir jou belangrik? Hou jy van wat jy in jouself sien…

Ons weet so goed wat van ons verwag word om te doen. Maar dit is asof ons voete swaar word as ons die ekstra myl vir iemand anders moet stap. Ons hande is lam as ons hulle diep in ons eie sakke moet steek. En ons tong is onwillig om mense te vergewe.
Ons moet oefen om te glimlag, te ondersteun en selfondersoek te doen.

Staan stil! Kyk na jouself! Kyk HARD! Wie is jy? Hoe reageer jy? Wat is vir jou belangrik? Hou jy van wat jy in jouself sien?

---

brokkies@epos.co.za

From: willy_k@freemail.absa.co.za
To: brokkies@epos.co.za
Sent: Wednesday, February 12, 2003 5:53 PM
Subject: A parable

Hier is 'n gelykenis waarvan mens nogal baie kan leer. Dit is so maklik vir ons om eerder met mekaar te baklei as om saam te staan en teen ons werklike vyande te stry. Hierdie gelykenis is dus eintlik 'n waarskuwing om die werklike stryd onder oë te hou:

"Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug."

Groete,

Willemien

----- Original Message -----
From: refnet@debres.cuug.ab.ca
To: willy_k@freemail.absa.co.za
Sent: Monday, April 27, 1998 7:41 AM
Subject: A parable

Once upon a time there was a country that was at war with a very powerful enemy. It was a long and bitterly fierce war. The army of this country had a General who loved his men, and hated to lose even one of them. But the war dragged on and on. It seemed there would be no end to the misery. Eventually the troops got very tired, and very discouraged. They wondered if the General knew what he was doing. Maybe he wasn't what they'd thought. Maybe they'd been fools to enlist with him.

One night - a cold and rainy night - the bickering began. The men turned on one another. They formed groups and began to taunt each other.

"You're not pulling your weight. No wonder we're losing this war!"

"Where did you get those rations? I saw you sneak down to the supply wagon, you thief!"

"Who says you should get the most powerful weapons? You don't even know how to use "If I were in charge, things would be different!"

"Oh yeah?!"

Before long the men were at each other's throats. Fighting broke out in earnest as the one wrestled the other to the ground. Fists flew. Eyes were blackened. Lips were bleeding. In one raised fist, a knife gleamed threateningly in the firelight.

Suddenly, the General stood among them.

them!

"Men," he pleaded. "What are you doing? What are you doing? Have you learned nothing in all the years you have been following me? You're bent on destroying each other. Open your eyes and see. The enemy is out there, dear friends." He pointed out into the murky dark. "The enemy is out there!"

In shame and horror the men raised their eyes. The General was right. A menacing orange glow was moving slowly, steadily towards them.

Was it too late?

MY KRUIS

Hul skat my na my hoë huis,
en mompel van my groot geluk;
en niemand skat my na die kruis
wat op my skouers druk.

Waarom?...My huis staan voor hul hoog:
die mens sien aan wat sienlik is!
my kruis, dit sien geen mense-oog,
dis my geheimenis.

Totius

Wanneer ons iemand ken wat ryk is, dink ons dan nie altyd dat die iemand baie bevoorreg is nie ? En natuurlik, die iemand is baie bevoorreg, maar ons moet nie uit die oog verloor dat die iemand ook moeilike tye kan ken ! Mense wat ryk is word nie vrygestel van die aanvalle van die duiwel nie. Hulle moet ook veg teen hul sondige natuur, hulle word ook beproef deur God!

Maar ons almal; ryk of minder ryk ons almal ken die Een wat ons kruis sien en ons kruis vir ons gedra het !!

VERJAARSDAE

Johannesburg	
Leo Boessenkool	23-Apr
Anneke Eefting	31-Mar
Kaapstad	
Ingrid Byker	13-Apr
Alfred Haak	24-Apr
Erik-Jan Moes	16-Mar
Maranata	
Gerrit Kamphuis	7-Apr
Irma Boon	20-Apr
Wilna Kerkhoff	28-Apr
Janneke de Vries	30-Apr
Johan de Vries	30-Apr
Berend de Jager	3-Mar
Frans Hagg	11-Mar
Irmarie Bosman	11-Mar
Monika Kampman	12-Mar
Erik Visser	17-Mar
Floris Visser	17-Mar
Arnold van den Bout	27-Mar
Pretoria	
Monique Bosker	4-Apr
Petra Ros	14-Apr
Jo-Rien Van Staden	16-Apr
Annelie Hagg	20-Apr
Ranko Agema	23-Apr
Nicolas Kleyn	26-Apr
Wieger van der Veen	3-Mar
Reinhart Buenk	9-Mar
Jacqueline Zielman	12-Mar
Naomi Schuring	15-Mar
Willemien Kleyn	15-Mar
Christelle Bosker	30-Mar

Sperdatum vir die volgende uitgawe:

22 Maart 2003